

**Skriflesing:****Matteus 14:6 - 21; Johannes 6:8 - 9; Johannes 6:47-48**

HOE LYK JESUS SE LIEFDE teenoor mense in nood EN HOE LYK ONS S'N as Sy volgelinge:

1. Sy liefde is sterker as Sy eie behoeftes. Waar in hierdie Skrifgedeeltes sien ons dit raak? Is ons liefde nog so?
2. Hy word diep geraak deur ander se nood. Waar in hierdie Skrifgedeeltes sien ons dit raak? Is ons liefde nog so?
3. Hy stuur mense in nood nie weg nie. Waar in hierdie Skrifgedeeltes sien ons dit raak? Is ons liefde nog so?
4. Hy gebruik geringstes (wat beskikbaar is). Waar in hierdie Skrifgedeeltes sien ons dit raak? Glo ons regtig dat Hy ons (al dink ons ons het min tyd, geld, krag, gebed, ens. om te gee) kan en wil gebruik?
5. Sy aanraking maak al die verskil tov die bietjie wat mense tot Sy beskikking stel. Wat maak dat ons nie ons bietjie (of baie) tot Sy bekikking stel nie?
6. Sy dissipels ontvang om te kan gee/uit te deel. Hoekom klou ons dan so maklik vas aan dit wat ons het en hou/gebruik dit net vir onself?
7. Hy bring ware versadiging (Johannes 6:47-48) – Wat weerhou ons daarvan om hierdie waarheid nog meer met ander te deel?

Mag die Here ons help tot groter liefde teenoor Hom en vir mense in nood!